P E R

VERWYSINGSTYL EN AANHALINGSTANDAARD

INHOUD

1 Algemeen
1.1 Uitleg
1.2 Opskrifte
1.3 Numering
1.4 Aanhalings
1.5 Spelling

2 Verwysings na bronne
2.1 Boeke
2.2 Tydskrifartikels
2.3 Wetgewing
2.4 Staatspublikasies
2.5 Hofsake
2.6 Voetnote
2.7 Eenvormigheid

3 Voorbeelde van verwysings in ‘n bibliografie en voetnote
3.1 Boeke
3.1.1 Een outeur
3.1.2 Twee of meer outeurs
3.1.3 Meer as drie outeurs
3.1.4 Redakteurs
3.1.5 Vertaalde werke
3.1.6 Verskillende uitgawes van dieselfde bron
3.2 Bydraes of hoofstuk in ‘n versamelde werk
3.2.1 Waar slegs van een bydrae gebruik gemaak is
3.2.2 Waar die hele volume gebruik is, kan dit as geheel in bibliografie geplaas word
3.3 Konferensiebydraes
3.4 Proefskrifte en verhandelings
3.5 Tydskrifartikels
3.6 Koerantberigte
3.7 Wetgewing (afsonderlike lys in bibliografie)
3.8 Staatspublikasies (afsonderlike lys in bibliografie)
3.9 Internet (afsonderlike lys in bibliografie)
3.10 Hofsake (afsonderlike lys in bibliografie)

1 Algemeen

Die teks moet getik wees en indien in Engels moet Suid-Afrikaanse Engels en nie Amerikaanse Engels nie gebruik word; bv "utilisation" nie "utilization" en "neighbour" nie "neighbor" nie.

Die gebruik van die passiewe vorm moet sover moontlik vermy word.

Alle vreemde woorde wat nie in die taal van die geskrewe teks geskryf word nie moet kursief wees bv *mutatis mutandis*, *Rechtsvergleichung*, *vis-à-vis*, *milieurecht*, ens.

Die teks moet aan die einde van ‘n bibliografie voorsien word.

Voetnote, nie eindnotas nie, word gebruik.

Nommer bladsye gesentreerd onderaan die bladsy. Romeinse syfers word gebruik vir bladsye waarop die inhoudsopgawe, lys van afkortings ens verskyn. Arabiese syfers word in die teksgedeelte gebruik.

Tabelle en ander grafiese voorstellings moet kamera-gereed wees en moet presies lyk soos wat dit in die teks moet verskyn. Alle tabelle en grafiese voorstellings moet toepaslike opskrifte hê.

Die outeur(s) se naam/name moet onder die titel van die bydrae verskyn en moet gesentreerd en in vetdruk (*bold*) gedruk word. Die outeur(s) se akademiese kwalifikasies en professionele posisies word in ‘n voetnoot vermeld wat by die naam verskyn. Alle addisionele erkennings of bedankings (byvoorbeeld vir finansiële ondersteuning) word in dieselfde voetnota vervat en volg direk op die kwalifikasies en professionele hoedanigheid.

Waar afkortings gebruik is, moet ‘n lys van afkortings verskaf word.

Indien enige aangeleentheid nie in hierdie Standaard gereël is nie, kan die *OSCOLA*[1]-standaard as riglyn gebruik word.

1.1 Uitleg

(a) Alle opskrifte moet teen die linkerkantlyn begin.

(b) Een spasie word tussen opeenvolgende paragrawe gelaat asook voor en na aanhalings in die teks.

1 Die *Oxford Standard for Citation of Legal Authorities* kan op die Internet by http://denning.law.ox.ac.uk/published/oscola.shtml gevind word.

(c) Die teks word geblok (*justified*), getik in 1½ spasiëring en die Arial 12pt lettertipe word gebruik.

(d) Voetnote word geblok (*justified*), getik in enkelspasiëring en in lettertipe Arial 10pt. Die voetnootteks moet 0,75 cm van die linkerkantlyn begin en word ook geblok—dus ‘n inspringende paragraaf (*hanging indent*) van 0,75cm. Geen spasies moet tussen die voetnote gelaat word nie.

1.2 Opskrifte

(a) Die titel van die bydrae moet in vetdruk (*bold*) en in hoofletters wees.

(b) Slegs die eerste woorde van opskrifte is hoofletters, behalwe as die woorde volgens gewone taalreëls met ‘n hoofletter gespel word.

(c) Hoofopskrifte (een nommer) is vetdruk (*bold*), ondergeskikte tweede opskrifte (twee nommers, bv 1.2) is vetdruk (*bold*) en kursief en ondergeskikte derde opskrifte (drie nommers, bv 1.1.2) is slegs kursief; alle ander opskrifte word normaal geskryf, dus

1 Grondwetlike bepalings

1.1 Handves van Regte

1.1.1 Reg op lewe

1.1.1.1 Horisontale werking van die reg op lewe

1.3 Numering

(a) Alle opskrifte word opeenvolgend met arabiese syfers genommer. Enkel nommers word nie met ‘n punt van die opskrif geskei nie. Opeenvolgende opskrifte se nommers word met punte geskei; waar die derde opskrif byvoorbeeld aangedui word met ‘n 3 – word ondergeskikte opskrifte genommer as 3.1, 3.2, 3.2.1, 3.2.2, 3.3 ens.

(b) Kleiner onderafdelings in die teks en voetnote of genommerde opsommings in die teks/voetnote word met gewone letters (*lower case*) in hakies genommer, byvoorbeeld ((a)-(z), en daaropvolgend met (aa)-(zz)). Ten einde verwarring te voorkom, kan die letter (i) weggelaat word, omdat die volgende vlak in klein romeinse syfers moet geskied byvoorbeeld (i), (ii), (ix), (xviii), ens.

(c) Voetnote word met behulp van opeenvolgende arabiese syfers sonder ‘n punt geïdentifiseer. Die voetnootverwysingnommers moet in *superscript* 10pt wees.

1.4 Aanhalings

(a) Aanhalings korter as een gedrukte lyn word in die teks met aanhalingstekens aangedui bv: Volgens Paterson[1] "the most appropriate form of biodiversity regulation should be by means of economic instruments." "*Straight quotes*" word gebruik (in teenstelling met "*smart quotes*").

(b) Langer aanhalings word aan beide kante ingeblok, in enkelspasiëring getik en daar moet 'n spasie voor en na die aanhaling gelaat word. Geen aanhalingstekens word gebruik nie, byvoorbeeld:

"Holistic governance" word gedefinieer as:

> The ideal form of government which is established by way of collaboration, coordination, co-operation and integration of policies, legislation, regulation, service provision and scrutiny or assessment functions of co-existing governmental organs into a single system of government in order to achieve sustainable results.[2]

Verwysings na die bron moet direk na die aanhaling volg.

(c) Enkel aanhalings word gebruik vir aanhalings binne 'n aanhaling byvoorbeeld Volgens Paterson[3] "the most appropriate form of biodiversity regulation should be by means of 'economic instruments'."

(d) Leestekens wat deel vorm van die aanhaling word binne die aanhalingstekens geplaas.

(e) Alle verwysings na aangehaalde teks geskied by wyse van 'n voetnoot. Die verwysing moet direk na die naam van die outeur verskyn, byvoorbeeld: Feris[4] is van mening dat "there may not be enough resources to adequately address environmental justice issues."

1.5 Spelling

(a) Afkortings word sonder punte geskryf.

(b) Afkortings word verkieslik nie in die teks gebruik nie, maar sover moontlik in die voetnote. Byvoorbeeld artikel 12 in die teks, maar a 12 in die voetnootteks. Alle onbekende afkortings moet in die lys van afkortings gelys word. Erkende afkortings hoef nie gelys te word nie, maar "dir" moet byvoorbeeld vir "direktief" gelys word.

(c) Wanneer na 'n spesifieke grondwet verwys word, word "Grondwet" met 'n hoofletter gespel. Die woorde appèlhof, regter, staat ens word met 'n klein letter gespel, maar die name van howe, byvoorbeeld: Hoogste Hof van Appèl

1 Paterson *Biodiversity* 10.
2 Fourie *The Ideal of Governance* 200.
3 Paterson *Biodiversity* 10.
4 Feris *Environmental Justice* 3.

sal met hoofletters gespel word. Die reël is ook van toepassing op “artikel” en “a”. Afkortings wat aan die begin van ‘n voetnoot gebruik word, word egter met ‘n hoofletter geskryf.

(d) As ‘n gedeelte van ‘n sin in hakies geskryf word, word die punt aan die einde van die sin buite die hakies geplaas. As die hele sin egter in die hakie voorkom, word die punt in die hakie geplaas.

2 Verwysings na bronne

Die algemene reël is dat noodsaaklike bibliografiese inligting, dit is, inligting waarsonder die bron nie geïdentifiseer kan word nie, eenvormig en deurlopend in dieselfde styl verskaf moet word. Addisionele inligting ten aansien van die uitgewer, plek van uitgawe, volume/nommer van tydskrifte of afdelings van die Hoër Hof, word in hakies geplaas.

2.1 Boeke

Elke bydrae moet aan die einde van die bydrae ‘n bibliografie bevat.

(a) Die basiese format is Currie I en De Waal J *The Bill of Rights Handbook* 5th ed (Juta Cape Town 2005). As meer as een plek van uitgawe genoem word, word die eerste plek verstrek.

(b) In die geval waar ‘n bron meer as een outeur het, word ‘n maksimum van drie outeurs vermeld bv Strydom EML, Le Roux PAK en Dupper OC *Essential Social Security Law* (……. 2006). As daar meer as drie outeurs is, word slegs die eerste outeur se van en voorletters vermeld, gevolg deur ea (en ander) bv Botha L ea *Constitutional Law in South Africa* (……2003).

(c) Kommas word nie tussen die outeur se van en voorletters gebruik nie, maar ‘n komma word wel gebruik indien daar drie outeurs is, bv: Thomas PhJ, Van der Merwe CG en Stoop BC *Historical Foundations of South African Private Law* 2e uitg (……2000).

(d) As ‘n latere uitgawe van ‘n bron deur ander skrywers herskryf is, dan moet die outeurs van die nuwe uitgawe vermeld word met verwysing na die oorspronklike outeur bv Badenhorst P, Mostert H en Pienaar J *Silberberg and Schoeman’s The Law of Property* 4e uitg (……. 2003).

(e) Die titel van ‘n bron word kursief geskryf. Die eerste letter van die titel word met ‘n hoofletter geskryf, terwyl artikels, voegwoorde, voorsetsels en bywoorde in klein letters geskryf word bv *A Regulatory Framework for Waste Management in South Africa*, en nie *A regulatory framework for waste management in South Africa* nie.

(f) Die uitgawe word direk na die titel verstrek in die formaat van “2e uitgawe” en aangesien dit belangrike inligting is, word dit nie in hakies weergegee nie, bv Grogan J *Workplace Law* 8e uitg (…..2005).

(g) Die uitgewer, plek van uitgawe en alle ander inligting, buiten die titel self, word verstrek in die taal waarin die bydrae gepubliseer word, bv Wouters J *Bronnen van internationaal recht* (Intersentia Antwerp 2004).

(h) As ‘n boek deur ‘n redakteur of meerdere redakteurs saamgestel is, word die redakteur se naam gebruik met (red) in hakies (sonder ‘n punt); (red) word gebruik as die bydrae in Afrikaans is en (ed) as die bydrae in Engels is, ens.

(j) As daar ‘n verwysing is na ‘n gedeelte van ‘n versamelde werk of ‘n werk deur ‘n redakteur versamel, word daar na die spesifieke bydrae verwys tensy die hele boek gebruik word, bv: Kerr AJ "Sale" in Joubert WA and Faris JA (reds) *The Law of South Africa* Volume 24 (Butterworths Durban 2000) 3-95.

(k) As die outeur wat aangehaal word ook die redakteur is van die versamelde werk, word die naam nie herhaal nie bv Zweigert K en Puttfarken H "Rechtsvergleichung" in *Rechtsvergleichung* (1978) 1-9.

(l) Die bibliografie moet alfabeties volgens die vanne van die outeurs gerangskik word.

(m) Bronne word alfabeties gerangskik volgens die aanhaling wat in die voetnote gebruik word: die volledige bibliografiese inligting word daaronder geblok, 0,75cm van die linkerkantste kantlyn. Gebruik een spasie tussen bronne. Elke nuwe letter van die alfabet wat gebruik word, moet aangedui word, bv ‘n **B** om beter aanduidings te gee. Die volgende is ‘n voorbeeld van ‘n bibliografie:

C

Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook*

> Currie I en De Waal J *The Bill of Rights Handbook* 5e uitg (Juta Kaapstad 2005)

H

Thomas, Van der Merwe en Stoop *Historical Foundations*

> Thomas PhJ, Van der Merwe CG en Stoop BC *Historical Foundations of South African Private Law* 2e uitg (Butterworths Durban 2000)

(n) Waar meer as een uitgawe van dieselfde bron gebruik word, moet die bibliografie laat blyk watter bron gebruik is:

> Van der Walt AJ en Pienaar GJ *Inleiding tot Sakereg* (Juta Kaapstad 1996)
>
> Van der Walt AJ en Pienaar GJ *Inleiding tot Sakereg* 5e uitg (Juta Kaapstad 2006)

2.2 Tydskrifartikels

(a) Dieselfde algemene reëls vind toepassing behalwe dat die formaat soos volg verander: Bosman C "Environment and the Constitution" 1996 *SA Publiekreg/Public Law* 388-399.

(b) Volumes, nommers en maande word slegs aangedui as die inligting noodsaaklik is om die bladsy te vind, byvoorbeeld waar uitgawes afsonderlik genommer word, byvoorbeeld: Du Plessis L “Regte(r) rassisme” 2005 *Woord en Daad/Word and Action* 45(391&392) 4-7.

(c) Die name van tydskrifte word sover moontlik afgekort. Die afkortings moet in die lys van afkortings vermeld word. Die afkorting word kursief geskryf. (LW sekere tydskrifte meld in hulle redaksionele blaaie hoe die tydskrif afgekort moet word, bv *THRHR* vir *Tydskrif vir Hedendaags Romeins-Hollandse Reg*; *SALJ* vir *South African Law Journal*.)

(d) Hoofletters en kleinletters in die titel word gebruik soos dit in die oorspronklike artikel vermeld is.

2.3 Wetgewing

Die basiese formaat is bv: *Nasionale Waterwet* 36 van 1998. Die eerste keer dat daar na ‘n wet verwys word moet die volledige titel in die teks of voetnote verskaf word, daarna mag ‘n afgekorte vorm gebruik word, bv: "Nasionale Waterwet” of “NWA". Daar moet in die voetnoot/teks ‘n aanduiding gegee word dat daar na verkorte vorm verwys gaan word (hierna NWA). As al die verwysings in die teks na dieselfde wet is, kan daar bloot na “die Wet” of ‘n afgekorte vorm verwys word nadat die volledige verwysing die eerste maal gegee is bv "die Wet" of die “*Huweliksgoederewet”*. As daar na verskillende wette verwys word, moet ‘n lys van wetgewing in die bibliografie verskaf word.

2.4 Verwysings na Staatspublikasies

Verwysings moet insluit die Goewermentskennisgewing/ Proklamasie/ Algemene Kennisgewing nommer, die *Staatskoerant* nommer en die datum van publikasie. Afkortings mag gebruik word bv:

GK R456 in SK 11456 van 24 April 2006

Prok R34 in SK 10345 van 13 Desember 2005

AK 342 in SK 24567 van 24 Desember 2006

Regulasies mag in die voetnoot afgekort word na "reg 2(4)".

2.5 Hofsake

(a) Die basiese formaat vir Suid-Afrikaanse verwysings is *Corris v Corris* 1997 2 SA 930 (W).

(b) Die naam van die saak word volledig vermeld in die register van hofsake, In die teks en voetnote kan alle onbelangrike inligting weggelaat word bv *NO, NNO, and others*, ens.

(c) Daar moet ook verwysings verstrek word na die spesifieke bladsy en paragraafnommers wat gebruik is, bv: *Bareki v Gencor Ltd* 2006 1 SA 432 (T) 436A-D.

2.6 Internet ("world wide web")

Die basiese formaat is: Outeur/Titel/Opskrif/Onderwerp webadres [datum waarop die inligting gevind is]. Daar word nie ‘n punt na die adres geplaas nie omdat dit verwarring kan veroorsaak bv Mamoepa B 2006 The Act on Higher Education www.star.hsrc.ac.za/nche.html [datum van gebruik 16 Nov 2006].

2.7 Voetnote

(a) Alle bladsyverwysings moet in die volgende formaat verstrek word: 222-224, en nie 222-4 of 222-24 nie.

(b) Boeke se titels word verkort soos weergegee in die bibliografie en sluit in outeur(s) se van, voorletters, verkorte titel (wat deurlopend dieselfde moet wees) en die spesifieke bladsy, bv: Cornelius *Principles* 33. Die nommer 33 in die voorbeeld is die bladsy waarna verwys word.

In die bibliografie sal die verwysing soos volg wees:

Cornelius SJ *Principles of the Interpretation of Contracts in South Africa* (LexisNexis Durban 2002)

As die outeur dit verkies, dan kan ‘n verwysing in ‘n latere voetnoot, by wyse van verwysing na die eerste voetnoot, aangedui word, bv: voetnoot 9 verwys na Currie and De Waal *Bill of Rights Handbook* 320—dan kan daar in voetnoot 37 na die bron verwys word as: Currie and De Waal (n 9) 169 of Cornelius (n 13) 16.

(c) Tydskrifartikels se verwysingstyl is soos volg:

Eerste voetnoot:

Pienaar G "From Delgamuukw to Richtersveld – are land claims in Canadian and South African law comparable?" 2005 *Stell LR* 446-457

2e voetnoot: Pienaar 1996 *Stell LR* 455 of Pienaar (n 10) 455. "455" is die spesifieke bladsy in die artikel waarna verwys word. "*Stell LR*" is die afgekorting van die tydskrif se naam.

(d) Hofsake word volledig vermeld soos hierbo uiteengesit.

(e) Wetgewing word volledig na verwys soos hierbo uiteengesit.

(f) ‘n Kommapunt word gebruik om meerdere bronne van mekaar te skei, maar in die geval van twee verwysings uit dieselfde bron word slegs ‘n komma gebruik.

(g) Waar dit moontlik is, moet erkende afkortings gebruik word.

(h) Daar moet ‘n punt na elke voetnoot geplaas word.

2.8 Eenvormigheid

Waar meer as een alternatief moontlik is, is dit noodsaaklik dat die gekose alternatief deur die hele bydrae gevolg word.

3 Voorbeelde van verwysings in ‘n bibliografie en in voetnote

3.1 Boeke

3.1.1 Een outeur

Merris A *Human Rights Law* (Hart Uitgewers Oxford 2006)

(Voetnoot: Merris *Human Rights Law* 32.)

3.1.2 Twee of meer outeurs

Grové NJ en Otto JM *Basic Principles of Consumer Credit Law* (Juta Kaapstad 2002)

(Voetnoot: Grové en Otto *Basic Principles* 32.)

3.1.3 Meer as drie outeurs

Van der Merwe S ea *Kontraktereg Algemene Beginsels* 2e uitg (Juta Kaapstad 2004)

(Voetnoot: Van der Merwe ea *Kontraktereg* 32.)

3.1.4 Redakteur(s)

Deketelaere K en Gekiere J (reds) *International, EC and US Environmental Law* (Kluwer Den Haag 2002)

(Voetnoot: Deketelaere and Gekiere *International Law* 32.)

3.1.5 Vertaalde werke

Kelsen H *General Theory of Norms* (vertaal uit die oorspronklike Duits deur M Hartney) (Clarendon Press Oxford 1991)

(Voetnoot: Kelsen *Norms* 110.)

3.1.6 Verskillende uitgawes van dieselfde bron

Van der Walt AJ en Pienaar GJ *Inleiding tot Sakereg* (Juta Kaapstad 1996)

(Voetnoot: Van der Walt en Pienaar *Sakereg* (1996) 50.)

Van der Walt AJ en Pienaar GJ *Inleiding tot Sakereg* 5e uitg (Juta Kaapstad 2006)

(Voetnoot: Van der Walt and Pienaar *Sakereg* (2006) 52.)

3.2 Bydrae of hoofstuk in 'n versamelde werk

3.2.1 Waar slegs van een bydrae gebruik gemaak is

Van der Merwe CG "Sectional Titles" in Joubert WA en Faris JA (reds) *The Law of South Africa* (Butterworths Durban 2000) 123-265

(Voetnoot: Van der Merwe "Sectional Titles" 3-14.)

3.2.2 Waar die hele volume gebruik is, kan dit as geheel in die bibliografie geplaas word

Joubert WA en Faris JA (reds) *The Law of South Africa* (Butterworths Durban 2000)

(Voetnoot: Joubert and Faris (eds) *LAWSA* 516.)

Waar daar van *The Law of South Africa* gebruik gemaak word, kan die afgekorte vorm *LAWSA* ook gebruik word.

3.3 Konferensiebydraes

As die bydrae gepubliseer is:

Reickhardt M "Liabilities into assets" in Chamber of Mines *Conference on Environmentally Responsible Mining in Southern Africa* 25-28 September 2001 Johannesburg 2B-1 - 2B-7.

(Voetnoot: Reickhardt "Liabilities" 2B1-2B-5.)

As die bydraes nie gepubliseer is nie, wysig die formaat soos volg:

Reickhardt M "Liabilities" (Ongepubliseerde voordrag gelewer by die Kamer van Mynwese se Konferensie Environmentally Responsible Mining in Southern Africa Johannesburg 25-28 September 2001 Johannesburg) 2B-1 - 2B-7

(Voetnoot: Reickhardt "Liabilities" 2B-3.)

3.4 Proefskrifte en verhandelings

Wessels J *Environmental and Mining Authorisations in South Africa* (LLM-verhandeling NWU 2005)

(Voetnoot: Wessels *Mining Authorisations* 221.)

3.5 Tydskrifartikels

De la Harpe S en Van der Walt T “The right to pre-trial silence as part of the right to a free and fair trial – an overview” 2005 *African Human Rights Law Journal* 70-90

(Voetnoot: De la Harpe en Van der Walt 2005 *African Human Rights Law Journal* 71.)

3.6 Koerantberigte

Hartely G ‘DA rails at Selebi’s use of crime figures’ *Business Day* 18 Julie 2006 4

(Voetnoot Hartely *Business Day* 4.)

LW: Tydskrifte wat weekliks gepubliseer word, word op dieselfde wyse aangehaal.

3.7 Wetgewing (afsonderlike lys in bibliografie)

Wet op die Ouditeursprofessie 26 van 2005

(Voetnoot: volledig soos hierbo aangedui, tensy die volledige verwysing in die teks vervat is.)

As verwysings na spesifieke artikel(s) in die wet gemaak word:

A 1 *Wet op die Ouditeursprofessie* 26 of 2005 (As dit duidelik uit die inhoud blyk dat die bespreking oor die bepaalde wet handel, kan daar in die voetnoot bloot na die artikel verwys word.)

Aa 1 en 3 *Wet op die Ouditeursprofessie* 26 of 2005

3.8 Internet (afsonderlike lys in bibliografie)

Mamoepa B 2006 The Act on Higher Education www.legalbrieftoday.co.za [datum van gebruik 16 Nov 2006]

(Voetnoot: Mamoepa 2006 www.legalbrieftoday.co.za)

3.9 Hofsake (afsonderlike lys in bibliografie)

Byvoorbeeld:

City of Johannesburg v Rand Properties (Pty) Ltd [2006] 2 All SA 240 (W)

(Voetnoot: *City of Johannesburg v Rand Properties (Pty) Ltd* [2006] 2 All SA 240 (W) 247G-H) (As daar egter volledig na die titel van die hofsaak in die teks verwys word, kan die voetnoot bloot die verwysing en die paragraaf nommers bevat. Die verwysing hoef nie telkens herhaal te word nie, veral as dit duidelik blyk watter hofsaak ter sprake is.)

Mostert v Scholtz 1926 CPD 215

(Voetnoot: *Mostert v Scholtz* 1926 CPD 215 217.)

S v Pepenene 1974 1 SA 216 (O)

(Voetnoot: *S v Pepenene* 1974 1 SA 216 (O) 218B-219A.)